SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: BEELD

Date: 17-Aug-2006

Topic: 25

Ref No: 3720

1

ID: 03374518-01

Source Page: 18

# Sê nou daar was geen verlede nie?

## Leerlinge, met wit onderwysers, vol selfvertroue . . .

Sê nou daar was geen verlede nie?

Ek werk by 'n universiteit — die enigste soort instelling ter wêreld waar mense betaal word om vrylik, sonder beperking te dink. Dit is dus wat ek nou gaan doen, wel wetend dat hierdie aktiwiteit strydig is met die post-apartheidse puntenerigheid van die meeste Suid-Afrikaners.

Die Motheong Independent Pre- and Primary School is in die hart van die uitgestrekte Atteridgeville-township, wes van die stad Pretoria, geleë. Ek is deur my studente-onderwysers aan die Universiteit van Pretoria genooi sodat hulle kon spog met hul prestasies as beginneropvoeders – vier wit vrouestudente wat in hierdie swart township leer skoolhou. Dit is hierdie soort Suid-Afrikaners wat my moed gee vir die toekoms.

'n Feestelike oggend is beplan waartydens die kinders vir die besoekers sou dans, sing, gedigte voorlees.

Wat my stomgeslaan het, was die Motheong-leerlinge se perfekte Engels. Maar dit was ook die selfvertroue waarmee hulle gepraat het; die aandag waarmee hulle geluister het; die kreatiewe wyse waarop hulle die internasionale sing- en dansroetines in 'n Afrika-idioom "vertaal" het; die nie-apologetiese houding wanneer hulle met volwassenes gepraat het; die klaarheid ten opsigte van wat hulle in die toekoms wou doen; die sensitiewe wyse waarop hulle hul eie leerproses beskryf het; asook die spitsvondige lofuitinge waarmee die gr. 7-leerlinge hul onderwysers bedank het daarvoor dat dié aan hulle die selfvertroue en bekwaamheid gegee het om die buitewêreld ferm in die oë te kyk.



**Beeld-forum**

Jonathan Jansen

Maar . . . hier's die knoop. Die onderwysers was hoofsaaklik wit, al was 'n minderheid wel swart.

Die skoolhoof is wit. Die onderrigmedium is Engels. Die skool se etos is Christelik. Die kurrikulum beklemtoon basiese lees- en skryfvaardighede. Die dissipline was ferm, maar menslik. Hierdie vurige en georganiseerde atmosfeer, die noukeurig beplande skedule, was ligjare verwyder van dit waaraan ek in tipiese township-skole gewoond geraak het.

Ek is meegedeel dat die meeste van hierdie kinders uiters behoeftig is; sommige van hulle boonop vigswesies.

Soos in talle ander Suid-Afrikaanse townships word hierdie kinders omring deur bekende gevare: geweld, bendelede op die uitkyk vir rekrute, lewensgevaarlike siektes, asook die nimmereindigende stryd om 'n daaglikse snytjie brood te bekom.

Ek het die meisies in my toespraak aangemoedig om te waak teen ongewenste swangerskappe; ek het die seuns gelas om onomwonde standpunt in te neem teen diegene wat aan hulle die geleentheid wou bied om vinnig geld te maak uit een of ander onwettige aktiwiteit; ek het seuns én dogters gemaan om hulleself te beskerm teen vigs.

Die werklikheid is dat hierdie skool, geleë in die middel van 'n woestyn propvol gevare, aan die Motheong-leerlinge 'n oase bied waarbinne hulle hul beste geleentheid gebied word om uit armoede te ontsnap na 'n werklikheid wat die regerende party se plakkate alte gretig, glad en oppervlakkig besing as " 'n beter lewe vir almal".

Hier is die kern van die probleem: Verbrou die leerlinge hierdie kans, is hulle gedoem tot 'n miserabele kort lewe — in teenstelling met die geleenthede waarop middelklaskinders kan terugval danksy pa's met die regte kontakte of gesinne wat bereid is om te betaal vir 'n *gap year* sodat hierdie bedorwe jong brokkies "hulself kan vind".

Só het ek aan die dink geraak en het die volgende vrae by my opgekom; vrae wat gewoonlik pretensieuse middelklas-skemerkelkpartytjies ontwrig.

Waarom hierdie kinders onderwerp aan ideologies-korrekte beleidsrigtings soos moedertaalonderrig terwyl hulle direkte toegang het tot die een taal wat hul kanse op sukses in sowel ons universiteitstelsel as ons globale ekonomie verbeter?

Waarom aandring op meer swart onderwysers of 'n swart skoolhoof in 'n skool soos hierdie, terwyl wit kollegas bereid is om in townships onderrig te verskaf en "24/7" te arbei vir die toekoms van die swart kind?

Waarom die skoolgemeenskap in gevaar stel met komplekse kurrikulum-eksperimente soos uitkomsgerigte opvoeding terwyl hul vernaamste behoefte is om te praat, tel, skryf, lees en berekenings uit te voer ten einde uit die omringende ellende te kan ontsnap?

Ek wens soms daar was geen verlede nie.